

'n Identiteitskrisis



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 1:1-9, hfst. 1:10-17, hfst. 1:18, hfst. 1:19-31 en hfst. 5:1-7.

Geheueteks:

“Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakerooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol” (*Jesaja 1:18, NAB*).

Verlore in die land van vergetelheid. As 'n mens deur die plattelandse gedeeltes van Ierland ry, gaan jy dikwels deur nou lanings met knotheidings aan weerskante. Soms moet jy eers wag dat 'n trop koeie doodrustig oor die pad drentel na 'n sappige maaltydjie in die oorkantse veld. Soms is daar boonop geen herder om hulle aan te ja nie. Hulle gaan doodgewoon op eie stoom na die regte stal. Die koeie weet waar hul hoort en ook aan wie hulle behoort. As 'n klein seuntjie saam met sy moeder inkopies doen en die kleutertjie naderhand verdwaal, gaan hy snik-snik deur die winkel en huil benoud: “Mamma! Mamma!” Selfs al weet hy nie waar hy hom op daardie presiese oomblik bevind nie, en ook nie waar sy moeder is nie, sal hy te midde van honderde mammas sý mamma vind – die enigste een wat waarlik aan hóm behoort. Let eger op die Judeërs in die boek Jesaja, wat in teenstelling met die Ierse koeie (en in skrilte kontras met die verlore seuntjie), vergeet het dat hulle aan die Here – aan hul hemelse Heer – behoort het; en dat hulle sodoende hul ware identiteit as verbondsvolk verloor het. “Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom. 'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie” (*Jes. 1:2 en 3, NAB*).

Hierdie week bekyk ons die dinge wat God doen om sy volk terug na Hom en sy verbond met hulle te bring.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Januarie.*

“Hoor, o hemele” (*Jes. 1:1-9*)

Die boek Jesaja het 'n baie kort inleiding waarin die skrywer (“Jesaja seun van Amos”) geïdentifiseer word, asook die oorsprong van die boodskap wat hy bring ('n “gesig” [OAB] of 'n “openbaring” [NAB]), en laastens die onderwerp (Juda en dié se hoofstad Jerusalem, gedurende die regering van die vier konings). Die onderwerp sê ook wie Jesaja se teikengehoor was: sy volksgenote gedurende die profeet se leeftyd. Met hulle tree hy in gesprek oor die toestand waarin hulle verkeer, asook hul lotsbestemming. Die feit dat Jesaja melding maak van die konings wat gedurende sy profeteenskap aan bewind was, verminder sy teikengehoor na 'n meer spesifieke groep mense; en plaas sy skrywe in die historiese en politieke konteks van 'n bepaalde tydvak. Dit is 'n tydvak wat die leser terugvoer na die gebeure in 2 Konings 15-20 en 2 Kronieke 26-32.

Lees Jesaja 1:2. Wat is die kernboodskap hier, in 'n neutedop? Wat sê die Here hier? Hoe kom hierdie begrip herhaaldelik in die Bybelse vertelling van die wêreldgeskiedenis voor? Is hierdie woorde ook van toepassing op die hedendaagse Christendom? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Kyk net hoe lui die Here sy profetiese rede in: “Hoor, o hemele, en luister, o aarde” (*OAB; vgl. Deut. 30:19 en 31:28*). Hiermee probeer die Here nie sê dat die hemel en aarde Hom letterlik kan hoor en verstaan nie. Nee, hy bedoel dit figuurlik, ter wille van klem. Wanneer die Ou Nabye Oosterse konings van ouds (soos 'n Hetitiese keiser, byvoorbeeld), 'n verdrag met 'n minder magtige heerser gesluit het, het hulle hul gode as getuies geroep. Dit was 'n afskrikmiddel en sê basies: enige vorm van kontrakbreuk sal uiteindelik aan die lig kom en sal beslis gestraf word. Toe God – die Konings van konings – in die tyd van Moses 'n verbond met die Israeliete gesluit het, het Hy nie ander gode as getuies geroep nie. Nee, in sy hoedanigheid as die enigste ware God kies Hy die hemel en die aarde as getuies (*lees ook Deut. 4:26*).

Lees aandagtig deur Jesaja 1:1-9. Maak flussies 'n opsomming van Juda se sondes. Let veral ook op die gevolge van daardie sondes. Waaraan het Juda hulle skuldig gemaak, en wat was die gevolge van daardie skuldigheid? Terselfdertyd praat vers 9 van hoop. Watter hoop was daar vir die Judeërs?

Verrotte ritualisme (*Jes. 1:10-17*)

Lees Jesaja 1:10. Waarom dink jy verwys die Here hier na Sodom en Gomorra? Wat wou Hy daarmee tuisbring?

Lees Jesaja 1:11-15. Wat sê die Here eintlik vir die mense hier? Die Here verwerp die aanbidding van sy volk. Hoe so?

Die einste hande wat offerandes gebring het en biddend opwaarts gehef is, was “vol bloed” – m.a.w. die mense het hulle aan geweld en onderdrukking skuldig gemaak (*Jes. 1:15 en 58:3, 4*). Deur die mishandeling van hul volksgenote – d.w.s. die mishandeling van die ander deelgenote aan God se verbond – het hulle die groot Beskermer van Israel geminag. Sonde teen jou medemens was ’n sonde teen God. Die offerandestelsel is natuurlik deur God self ingestel (*Levitikus 1-16*), met die tempel in Jerusalem as die aangewese aanbiddingsplek (*1 Konings 8:10, 11*). Al die rituele in daardie stelsel was veronderstel om binne die raamwerk van die verbond wat God met sy volk gesluit het, te funksioneer. Dit was immers die verbond tussen Hom en Israel wat gemaak het dat Hy deur sy teenwoordigheid in die tempel (en spesifiek die Allerheiligste) onder hulle kon woon. So, die rituele en gebede wat daar uitgevoer is, was slegs geldig as dit ’n verdere uitdrukking van hul getrouheid aan Hom en sy verbond was. So, diegene wat offerandes gebring het sonder om hulle van hul verkeerde dade teenoor ander lede van die verbondsgemeenskap te bekeer, het inderdaad ‘sonde in die vorm van skynheilige seremonie’ gepleeg. Nie net was hul offerandes ongeldig nie – dit was inderdaad ’n sonde! Hul rituele was ’n lojaliteitsgebaar, terwyl hul gedrag op verbondsverbreking neergekom het.

Lees Jesaja 1:16, 17. Wat beveel die Here sy volk om te doen? Let op die konteks waarbinne die Here hierdie bevel gee. Hoe stem hierdie voorskrif ooreen met Jesus se woorde in Matteus 23:23-28? Watter boodskap kan die moderne gelowige uit hierdie skrifgedeeltes put (inaggenome die konteks waarbinne beide gegee word)?

Vergifnis as argument (*Jes. 1:18*)

Lees Jesaja 1:18. Doen dit 'n aantal kere en skryf dan neer wat jy dink die Here hier sê. (Lees ook 'n paar verse aan, ten einde die konteks beter te verstaan).

Die Here lewer hier verdoemende bewyse teen die Judeërs. Laasgenoemde staan by die oordeelsbank en word skuldig bevind aan kontrakbreuk (*Jes. 1:2-15*), waarna die Here 'n beroep op hulle doen om hulle waarlik te bekeer (*verse 16 en 17*). Dit impliseer dat daar wel hoop vir hulle was. Hoe kan 'n misdadiger wat die doodstraf verdien, per slot van rekening, sy weë verander? 'n Gevangene wat op die doods vonnis wag, kan tog nie “die verdrukker teëgaan” of “reg laat geskied aan die weeskinders” of selfs “die regsake van die weduwees behartig” nie (*NAB, woordorde effens aangepas*). Nietemin sê die Here: “Kom nou en laat ons die saak uitmaak” (*vers 18, OAB*). Duidelik wou Hy die verbond tussen Hom en Israel red. Hy wou hulle steeds tot inkeer bring en hê dat hulle van hul bose weë moes afsien, ongeag die omvang van hulle vervallenheid.

Hier sê die Here basies: julle rooi sondes sal wit word. Dit laat 'n mens wonder: hoekom is sonde dan rooi? Omdat rooi die kleur van bloed is, m.a.w. ander se bloed is in 'n spreekwoordelike sin ‘aan jou hande’ soos vers 15 dit inderdaad ook stel, maar net sterker. Daarteenoor is wit die kleur van reinheid of suiwerheid, wat die afwesigheid van bloedskulde is. So met hierdie vergelyking bied die Here aan om Juda te verander. Dit is dieselfde soort taalgebruik wat koning Dawid inspan vir sy noodkreet om vergifnis, nadat hy owerspel met Batsjeba gepleeg het en ook haar man se dood bewerkstellig het (*lees Ps. 51:7, 14*). Die argument wat God in Jesaja 1:18 aanvoer, is dus: Ek is bereid om julle te vergewe, my volk!

Hoekom is die Here se aanbod om vergifnis 'n goeie argument ten gunste van 'n terugkeer na die weë van God? Vgl. ook die volgende gedeeltes – hfst. 1:18 tot en met hfst. 44:22.

Nou verstaan 'n mens die doel van God se harde woorde en die meegaande waarskuwing aan sy volk. Hier probeer Hy nie om sy kinders te verwerp nie, maar om hulle terug na Hom te bring. Sy aanbod om vergifnis is die kragtige argument wat Hy aanvoer, sy groot beweegrede vir hierdie oproep tot morele herlewering (*Jes. 1:16, 17*). Dit is juis God se vergifnis wat die Judeërs in staat stel om deur sy krag getransformeer word. Hier sien 'n mens die eerste tekens van die ontluikende “nuwe verbond” waarvan Jeremia in hoofstuk 31:31-34 van sy profesieë praat, een waarin vergifnis die grondslag van 'n nuwe-hart-verhouding met God is. Eers bevind 'n mens jou in 'n doodloopstraat met 'n sondeskuld wat jy nie self kan vereffen nie. So verootmoedig 'n mens jou dan voor die Here, deur te bely dat jy behoefte aan sy vergifnis het, wat jou dan ontvanklik maak vir die dinge wat God jou wil skenk.

Om te eet of geëet te word (*Jes. 1:19-31*)

Lees Jesaja 1:19-31. Watter tema kom hier na vore wat 'n mens regdeur die Skrif teëkom?

Let op die logiese struktuur van die argument in Jesaja 1:19 en 20: as die mense bereidwillig is om te luister, en kies om aan God gehoorsaam te wees, sal hulle die goeie van die land eet (*Jes. 1:19*). Die teendeel word egter ook gegee: as julle die aangebode vergifnis en die voortspruitende herstel verwerp, en teen God rebelleer, sal julle deur die swaard geëet word (*Jes. 1:20*). Die keuse berus by hulle. In hierdie verse is die vermelde seëninge en vervloekinge dus voorwaardelik. Jesaja 1 herhaal die woorde van Moses soos dit in Deuteronomium 30:19 en 20 opgeteken is, en wys hoe dit in praktyk werk. Moses se woorde in Deuteronomium is natuurlik ten tye van die sluiting van die verbond tussen God en die volk Israel geuiter. Hy sê: “Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf” (*vers 19, NAB*).

Let op Moses se woorde. Hier is geen goue middeweg nie – dit is óf die lewe óf die dood, óf seëninge óf straf. Wat dink jy, waarom is daar net twee opsies vir ons? Hoekom is daar nie 'n soort kompromie tussen die twee nie?

Moses se woorde is die samevatting van 'n reeks waarskuwings, seëninge en vervloekinge (oftewel strawwe); en is 'n afronding van die nuutgesluite verbond (*wat in Deuteronomium 27-30, vgl. Levitikus 26 opgeteken is*). Dit behels, onder meer, (1) 'n uiteensetting van alles wat God vir hulle in die verlede gedoen het, (2) die bepalinge en voorwaardes (oftewel gebooie) wat ter wille van die voortsetting van die verbond gevolg moes word, (3) verwysings na getuïenisse, asook (4) seëninge en vervloekinge as 'n soort waarskuwing teen verbondsverbreking (m.a.w. wat die minagting van daardie bepalinge en voorwaardes sou beteken). Vakkundiges het vasgestel dat hierdie elemente in dieselfde volgorde in die politieke verdrae van nie-Israelitiese nasies, soos die Hetiete, verskyn. Vir die sluiting van sy verbond met die Israeliete gebruik die Here 'n formaat wat aan hulle bekend was; en wat die aard en gevolge van die wedersyds-bindende kontraktuele verhouding, 'n band wat hulle gekies het om destyds met God te smee, so deeglik en kragtig as moontlik by hulle sou tuisbring. Die voordele wat die verbond ingehou het, was verstommend; maar as Israel hulle aan kontraktbreuk sou skuldig maak, sou hulle slegter daaraan toe wees as ooit tevore.

Dink aan jou wandel met God. Het jy al ooit hierdie beginsel van seëninge en vervloekinge eerstehands beleef?

'n Sombere liefdeslied (*Jes. 5:1-7*)

Lees die lied in die bogenoemde verse. Wat beteken hierdie gelykenis?

God verduidelik die betekenis van dié gelykenis eers reg aan die einde, in vers 7. Dit is 'n spieël waarin die volk hulself kon sien, 'n objektiewe blik op die sondige toestand waarin hulle verkeer het. Later gebruik die Here hierdie benadering met koning Dawid en boonop met groot sukses (*lees 2 Sam. 12:1-13*). Hierdie skrifgedeelte word 'n "liefdeslied" (NAB) genoem. So toon God uit die staanspoor wat sy bedoeling met betrekking tot sy volk is. Die band wat Hy met hulle het, is 'n uitvloeisel van sy karakter, wat liefde is (*1 Joh. 4:8*). Hy ver wag egter liefde terug. Ongelukkig ontvang Hy nie "druie" nie, maar "wilde druie" wat in die Hebreeus op iets dui wat stink (oftewel iets wat vrot is). [Soos die Afrikaanse spreekwoord tereg sê: God kry stank vir dank.]

Wat bedoel die Here wanneer hy in Jesaja 5:4 sê: "Wat kan Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nie reeds gedoen het nie?" (NAB).

In die daaropvolgende twee verse sê Hy: "Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak" (*verse 5 en 6, OAB*). Wanneer ons sondig, verbreek die Here egter nie oombliklik bande met ons, deur sy beskerming weg te neem en ons te laat vernietig nie. Met die grootste geduld gee Hy ons die geleentheid om vergewe te word (*lees 2 Pet. 3:9*). Tog verbreek God nie bande met diegene wat wel op sy pleidooie reageer nie. Hy doen dus 'n beroep op ons solank daar nog hoop op 'n respons is. Ons 'nee' beteken nie outomaties vir God "weg met hulle!" nie. Allermens. Die Here ken die onkunde van die mens, dat ons in die waan van ons sondige weë verkeer. As al sy pogings om ons tot inkeer te bring egter misluk, neem Hy kennis van ons keuse en laat Hy ons aan onself oor (*lees Op. 22:11*). As ons God se pleidooie via die influisterende Gees aanhoudend verwerp, kan 'n mens uiteindelik 'n punt bereik waar dit doodeenvoudig te laat is (*Matt. 12:31, 32*). Dit is gevaarlik om Christus te verlaat (*Heb. 6:4-6*). Ons moenie aanneem dat God ons aanhoudend tot beter insigte gaan probeer bring nie, want Hy respekteer ons vryheid om self te kies.

Neem die beginsel in Jesaja 5:4 – die een waar God sê: "Wat kan Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nie reeds gedoen het nie?" (NAB) – en beskou dit in die lig van die kruis waar God Homself as soenoffer vir ons sonde gee, waar Hy fisies die straf vir ons oortreding van sy wet ontvang. Wat meer kon Hy vir ons gedoen het as dít? Hoe put 'n mens verlossingsekerheid uit die bepeinsing van daardie kruisgeskenk, en hoe motiveer dit 'n mens om jou te bekeer en jou van jou verkeerde weë te laat afsien?

Vir verdere studie:

Binne die konteks van Jesaja 1:4 skryf E.G. White: “God se volk – hulle wat sy Naam bely het – het bande met Hom verbreek. Die wysheid wat hulle eens gehad het, dié was hulle kwyt. Die insigte wat hulle voorheen gehad het, het hulle self verdraai. Die volk het geen daeraad gehad nie. Hoe so? Omdat hulle vergeet het hoe hulle in die verlede vir dieselfde ou sondes vergewe is. So het hulle dan rusteloos in die duister rondgetas; op soek na ’n manier om te vergeet van die vryheid, versekering en geluk wat hulle by God gesmaak het. Die volk het hulle aan allerhande soorte buitensporighede oorgegee – dinge wat van verwaandheid en hardkoppigheid getuig – en het hulself in stryd met die voorsienigheid van God gebring. Sodoende het hulle die bestaande skuld las al swaarder gemaak. Die volk het Satan se aantygings teen God en teen sy karakter begin glo, en het die Here as ’n genadelose Wese sonder ’n sweempie vergifnis uitgemaak” (aangehaal in die *SDA Bible Commentary*, vol. 4, bl. 1137).

Vrae vir bespreking:

1. “Was julle, reinig julle,” sê God in Jesaja 1:16. Die vraag is net: wat beteken dié sinsnede, en hoe doen ’n mens dit? (*Lees Fil. 2:12, 13.*)
2. Hoe het Jesus die liefdeslied in Jesaja 5 aangepas, daarop uitgebrei en dit toegepas? Matt. 21:33-45, Mark. 12:1-12 en Luk. 20:9-19. Watter lesse put ons as Sewendedag-Adventiste uit hierdie gelykenis?
3. Wat is die verband tussen die vergifnis wat God ons bied en die transformasie wat Hy in ons harte bewerkstellig? Wat kom eerste – transformasie en dan vergifnis, of vergifnis en dan transformasie? En hoekom is die volgorde belangrik?
4. In die aanhaling heel bo praat mev. White van die volk wat “hulself in stryd met die voorsienigheid van God gebring” het. Wat beteken dit?

Opsomming: Toe God se kinders van Hom vergeet het, en boonop die seëninge wat Hy gegee het as vanselfsprekend aanvaar het, vestig Hy hul aandag op die verbondsverhouding wat hulle met Hom het en die verpligtinge wat dit inhou. Genadiglik wys Hy die volk op hul afvalligheid. Die Here waarsku Israel teen die verwerping van sy beskerming en die vernietigende gevolge wat dit meebring. Hy doen ook ’n ernstige beroep op hulle: laat My toe om julle van jul sondes te reinig en van jul verkeerde weë te genees.